



SAMESTELLING

Nutriënt	g/kg
Ru-proteïen (min.)	160
Vog (maks.)	120
Ru-vet (min.)	25
Ru-vet (maks.)	80
Ruvesel (maks.)	90
Kalsium (min.)	8
Kalsium (maks)	16
Fosfor (min.)	5

VOER AANBEVELINGS

- Indien die byvoeding van verse verander word, moet hulle aangepas word op die nuwe voer.
- Skoon vars drink water moet ten alle tye beskikbaar wees.
- Verse moet toegang tot skaduwee hê. Hitte-stres het 'n negatiewe invloed op groeiprestasie van die vers.
- Die tipe en kwaliteit ruvoer het 'n groot invloed op die hoeveelheid konsentrate wat verse daaglikse gevoer moet word.
- Voerkoste per kilogram massatoename is 'n baie meer akkurate maatstaf as die koste per ton van die energie konsentraat om vers grootmaakkoste te bepaal.
- Voerinname moet daaglik gemonitor word.
- Stoor in 'n koel, droë plek, weg van direkte sonlig.
- Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegnieuse Adviseur vir die nodige aanbevelings en volledige kalf grootmaak programme.

Vorm: Meel of Pille

Verpakking: Losmaat of 40 kg Sakke

WAARSKUWING

Hierdie veevoer bevat geregistreerde medikamente. Voer streng volgens neergelegde gebruiksaanwysings.

Groeimeel vir ouer verse

- Byvoeding vir ouer verse op weiding en/of hooi *ad lib*.
- Hierdie produk is baie smaaklik om inname te verbeter.
- Hierdie produk is hoog in natuurlike proteïen en ureum-vry.
- Produk bevat medikamente om die voeromset en gesondheid van die vers te verbeter.

VOERINSTRUKSIES

1. Voer aan verse vanaf 8 maande ouderdom saam met ruvoer *ad lib* of weiding.
2. Die inname van die Scientific Vers Groeimeel moet deurlopend bestuur word volgens die vers se massatoename. Daar bestaan egter geen algemene resepte vir verse onder alle omstandighede nie.
3. Maak seker dat verse optimaal volgens 'n versgroeikurwe presteer.
4. Riglyne vir inname: Inname sal bepaal word deur die ouderdom en massa van die vers, asook die kwaliteit en kwantiteit van die beskikbare weiding of ruvoer.
5. Scientific Vers Groeimeel kan gevoer word vanaf speen tot 21 dae voor kalf. Die vers se groeitempo sal egter beter wees indien Scientific Volledige Kalf gevoer word tot op 8 maande en daarna Scientific Vers Groeimeel tot 21 dae voor kalwing.

AANBEVOLE INNAME

Voer vanaf 8 maande saam met ruvoer of weiding *ad lib*

Kleinraam rasse (Jerseys)	Voer 2.5 kg Scientific Vers Groei/vers/dag plus ruvoer of weiding <i>ad lib</i>
Grootraam rasse (Holsteins)	Voer 3.0 kg Scientific Vers Groei/vers/dag plus ruvoer of weiding <i>ad lib</i>

Klas: SUIWEL VERS GROEI VOER
Reg. nr. : V26090 – Wet 36/1947
AFGRI Produktkode: R1131

12 Byls Bridge Boulevard
Highveld Ext 73
Centurion

Tel: +27 11 063 2347
afgrianimalfeeds.co.za



ANIMAL FEEDS